

SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 11:19-30

FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 11:23-24

Barnabas – die man met die evangeliese hart!

Reeds met die noem van sy naam, hoor ons sy hartklop vir die koninkryk, vir die sigbaar word van God se genade met mense. Barnabas beteken *“iemand wat mense moed inpraat”* (Hand. 4:36). Só genoem deur die apostels, duidelik vanweë hulle ervaring van en met hom. Iemand wat nie net oor genade gepraat het nie ... maar wat genade gedoen het!

Wat ’n enorme bydrae het hierdie Siprus-gebore Leviet se *“aanmoediging”* nie gemaak in diens van God se koninkryk nie. Ons ontmoet hom die eerste keer hier in Handeling 4 waar hy sy grond verkoop en die geld vir die apostels bring om met die geloofsgemeenskap te deel!

Met sy genadige hart was Barnabas die enigste een wat bereid was om sy lewe te waag om Paulus in Jerusalem te ontmoet en die gelowiges te oortuig (aan te moedig) van Paulus se bekering! Dit was die tyd toe al die gelowiges nog bang en skepties oor die eens kerkvervolger was. Dit was Barnabas wat Markus aangemoedig het om saam met hom en Paulus sendingreise te onderneem.

Barnabas was teenwoordig toe die evangelie van Jesus Christus vir die eerste keer die grense van die Joodse volk deurbreek het en ’n groot getal Griekssprekendes in Antiogië tot geloof gekom het. Hieroor was Barnabas *“bly om te sien hoe God in sy genade onder hulle gewerk het, en hy het hulle almal aangemoedig om met hart en siel aan die Here getrou te bly”* (Hand.11:23).

Mens voel behoorlik skaam as ons ons lewens met dié van Barnabas probeer vergelyk, nie waar nie? Hoeveel keer gaan ons nie bang, ontnugterde en moedverlore mense (medegelowiges?) verby nie? Hoe ongeërg en skepties kan ons nie oor mense se saligheid raak nie?

Nee, die bedoeling is nie om ons skaam-skuldig te laat voel en harder te laat probeer om soos Barnabas te wees nie! Luister na die *“geheim”* van Barnabas se evangeliese hart – ’n geheim wat ek en jy ken: *“Barnabas was ... vol van die Heilige Gees en met ’n vaste geloof”* (Hand. 11:24).

Sal ons nie meer hiervoor moet bid nie – vir onself, vir ons kerke, vir gelowiges wê-reldwyd!

Sing: Psalm 118:4 (2001)

Ds. HC (Charl) van Rooy (Randburg)